Wes-Kaapse Regering
VIR JOU
Menslike Nedersettings

HOME WISE



# KORTINGSVOORDEELSKEMA (KVS)







## KORTINGSVOORDEELSKEMA (KVS)

### 1 DIS WAT JY KRY

Hierdie program bevorder huiseienaarskap van huurbehuising wat vóór1994 in staatsbesit (hetsy nasionaal of provinsiaal) was. Jy kan vir hierdie program kwalifiseer as jy reeds vanaf vóór 1994 eiendom huur wat deur die staat besit word.

| | |
|---|---|
| R0 – R3 500 | Die totale skuld word afgeskryf. |
| R3 501 – R7 000 | R7 500 + 50% van die skuld word afgeskryf. |
| R7 001 – R15 000 | Maksimum van R7 500 word afgeskryf. |

### 2 DIS WAT NODIG IS OM TE KWALIFISEER

Jy kwalifiseer vir hierdie program as

- Jy by jou naaste munisipaliteit op die databasis vir mense met behoefte aan behuising geregistreer is
- Jy huurooreenkoms of -kontrak het met munisipaliteit of die provinsiale departement.
- Jy agterstallige huur aan die munisipaliteit of provinsiale departement skuld.
- Jy nie voorheen by enige staatsbehuisingsubsidies of -programme gebaat het nie.
- Jou maandelikse huishoudelike inkomste vóór aftrekkings tussen R0 en R15 000 beloop.
- Jy nie die geregistreerde huurder is nie maar kan bewys dat jy kontrak met die geregistreerde huurder het, of gereeld die huur betaal het.

Let asseblief daarop dat voorkeur verleen sal word aan aansoekers wat 35 jaar of ouer is, en/of spesiale behoeftes het (bv. gestremde persone).

### 3 DIS HOE JY AANSOEK DOEN

Besoek jou naaste munisipaliteit om vir hierdie subsidie aansoek te doen.